# BOEKBEKENDSTELLINGS

**KRÜGER, DW 1979:**
**Die Krugermiljoene. Johannesburg: Perskor**

Professor DW Krüger se navorsing oor die Krugermiljoene strek oor etlike dekades. 'n Mens kan hom derhalwe as 'n outoriteit op die gebied van die Krugermiljoene beskou. Wat hierdie boek nog meer merkwaardig maak, is die feit dat die skrywer die laaste oorlewende persoon is wat direk kontak met die aangeleentheid van die sg. Krugermiljoene gehad het.

In **Die Krugermiljoene** vertel prof Krüger die ware verhaal van, soos hy dit stel "... die 'Krugermiljoene' wat telkens weer soos 'n feniks uit die as verrys het om fortuinsoekers en romantici se verbeelding gaande te maak." (p. 11). Die hele raaisel rondom die groot hoeveelheid goud wat kort voor lord Roberts se besetting van Pretoria in Junie 1900 uit die hoofstad verwyder is en wat aanleiding tot die spekulasie oor die Krugermiljoene gegee het, word in die boek openbaar gemaak.

Die skrywer vertel die verhaal baie sistematies, en baie feite word in die boek van 123 bladsye genoem. Ons het hier dus met 'n geskiedenisboek in die ware sin van die woord te make. Dit ten spyt is die vertelling baie onderhoudend. In sy vertelling word nie alleen die misterie van die "Krugermiljoene" opgeklaar nie, maar toon prof Krüger ook aan hoe die sg. "Krugermiljoene" (die goud waarna reeds verwys is) deur die Z.A.R. in sy uur van nood, aangewend is om geldelike middele tot die beskikking van die Boerevolk te stel vir sy voortgesette stryd teen Britse Imperialisme. Prof Krüger vat dit soos volg saam in sy "Nabetragting": "Die einde van die militêre weerstand op 31 Mei 1902, het slegs die volgende fase van die stryd om voort te bestaan ingelui. Dit het die vorm aangeneem van politieke organisasie en 'n nasionale onderwysbeweging . . . "Daardie tweede oorlog is deur die Afrikanerdom gewen nadat hy sy reg op voortbestaan oor en oor bewys het. Niemand kon kom dit ooit ontneem nie. Die 'Krugermiljoene' het hul werk gedoen" (p.113, kyk op pp. 46-47).

**Die Krugermiljoene** is 'n boek wat getuig van diepgaande navorsing oor 'n enkele faset in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis – 'n boek vir die fynproewer, die egte belangstellende. Dit is 'n boek wat met groot genot deur sowel senior leerlinge as volwassenes gelees kan word.

**STEYN, NORA 1975:**
**Temmers van die Oosgrens, Johannesburg: Perskor**

**STEYN, NORA 1976:**
**Natalia, land van trane. Johannesburg: Perskor**

Hierdie twee boekies deur Nora Steyn is wat struktuur betref identies, en daarom stel ons hulle sommer saam-saam bekend.

Elke boekie is saamgestel uit 4 verhaaltjies wat verband hou met die titel van die boek. In **Temmers van die Oosgrens** lees ons van Robert Hart, die "... eerste Britse Setlaar"; lees ons hoe die Setlaars die Oosgrens kom bewoon het; hoe Elizabeth Salt Grahamstad gered het, en lees ons hoe Richard Gas Salem gered het. In **Natalia, land van trane** lees ons van die varraad van Dingaan; die verhaal van Daniël en Petrus Bezuidenhout; van die helde van Bloukrans en die verhaal van Piet en Dirkie Uys.

Die verhaaltjies, wat wissel in lengte, lees nie net alleen lekker nie, maar gee 'n hele klomp geskiedkundige feite weer. Waar 'n bepaalde gebeurtenis deur verskillende skrywers verskillend weergegee word, stel Nora Steyn al die moontlike interpretasies by wyse van netjiese voetnotas beskikbaar.

Albei die boekies is ook ryklik geïllustreer. Sketse en tekeninge helder die vertelling op, terwyl kaarte en ander dokumente (bv. die Retief-Dingaan-Traktaat) aanvullende historiese pitkos gee.

Nora Steyn maak baie effektief van kantaantekeninge by elke verhaaltjie gebruik waardeur die kerngedagtes op elke bladsy uitgelig word. Sowel die bibliografie as die indeks agter in die boekies, kan nuttig deur die belangstellende leser gebruik word.

Die boekies is geskik vir leerlinge in die senior primêre en junior sekondêre skoolfases, maar kom ook handig te pas vir die ouer leerling wat vinnig 'n paar besonderhede oor die Geskiedenis wil naslaan.

**IZEDINOVA, SOPHIA 1977:**
**A few months with the Boers. Johannesburg: Perskor.**

Hierdie boek (deur 'n Russiese verpleegsuster), is haar herinneringe aan die tydperk toe sy betrokke was by die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902). Die oorspronklike werk het reeds in 1903 in Rusland verskyn. Die vertaling en verwerking van die teks is behartig deur C. Moody van die Universiteit van die Witwatersrand, en getuig van besondere vakmanskap.

Ons het hier nie te doen met 'n geskiedenisboek vol feite nie. Dit is eerder die verhaal van die wedervaringe van 'n groep medici, wie se lojaliteit sterk oorgehel het na die Boere se kant toe. Dit is 'n verhaal vol interessante vertellings (bv. die Rus Maximov wat per geluk beter as die boere kon skiet, pp. 63-65), van bekende veldslae (bv. Thaba Nchu, pp. 131-133) en van ontmoetings met bekende persone (die FW Reitz-gesin, p. 55 e.v.).

Daar is heelwat goeie foto's in die boek, en die insluiting van sowel 'n klompie briewe wat in daardie tyd geskryf is, as die voetnotas, plaas die herinneringe in meer perspektief.

'n Boek wat almal behoort te lees, maar wat veral vir die onderwyser wat die vak wil ophelder, 'n moet is.

**ESTERHUIZEN, SJ, 1976:**
**Generaal Louis Botha. Johannesburg: Perskor, pp. 20.**

Hierdie boekie is die eerste boek van 'n reeks wat Perskor oor eerste ministers uitgee. Dit is met foto's geïllustreer en lees maklik. Dit is veral vir die laerskool en junior sekondêre fase bedoel.

**BOTHA, M.C. 1979:**
**Premiersverkiesings sedert 1910. Johannesburg: Perskor, R12,50 pp. 176.**

Hierdie boek is 'n aanwins vir enige Geskiedenis boekrak omdat Botha sy eie persoonlike ervaring toevoeg tot die bekende feite oor ons politieke verlede. Heel tereg sien Botha die werk dan ook as sy besondere perspektief op die verkiesing van staatsleiers. Uiteraard is die boek dan ook veral oor die tydperk sedert 1948

insiggewend. Daarby is die boek baie boeiend en leesbaar geskryf met die gevolg dat hoërskoolleerlinge die boek interessant en vrugbaar sal vind. Foto's en oorspronklike dokumente verhoog die bruikbaarheid van die boek.

**OPPERMAN, AJP 1981:**
**Die Slag van Majuba. Johannesburg: Perskor, pp. 79.**

In die herdenkingsjaar van die slag van Majuba voldoen hierdie werkie aan 'n besondere behoefte veral omdat die gebeure van 1881 weer soos 'n tafereel voor die geestesoog verbyflits. Daar is baie feitelike en persoonlike besonderhede in die boekie sonder dat die leesbaarheid van die boekie daardeur ondermyn word. Tewens die persoonlike drama van 'n persoon soos Colley word hierdeur geweldig verhoog. Die werkie is in hardeband gedruk met etlike foto's, sketse en 'n kort bronnelys. Die boekie is geskik vir skoolgebruik en 'n Engelse uitgawe is ook beskikbaar.

**JOUBERT, CJ:**
**Geskiedenis vir St. 8, St. 9 (met JJ Britz) en St. 10. Johannesburg: Perskor.**

Hierdie is die bekende reeks skoolhandboeke vir Geskiedenisonderrig wat deur Perskor bemark word. Van hierdie handboeke beleef reeds hulle derde druk wat sprekend is van die gewildheid van die reeks. Die boeke is ryklik toegelig met sketse, spotprente, foto's, vrae en werksopdragte.

**ERASMUS, GF, en MH TRÜMPELMANN**

*(Hier is slegs boeke, van Perskor bekendgestel as blyk van waardering vir 'n baie ruim finansiële bydrae tot die druk van hierdie uitgawe – Red.)*

***Some views on what history is***

*History is the story of the deeds and achievements of men living in Societies. (Pirenne)*

* * *

*A society sure of its values needed history only to celebrate the glories of the past, but a society of changing values and consequent confusions also needed history as a utilitarian guide. (Cochran)*

* * *

*The task of the historian is to understand the peoples of the past better than they understood themselves. (Butterfield)*

* * *

*History fulfils a social need, and that is its essential function. (Renier)*

* * *

*A mere collector of supposed facts is as useful as a collector of matchboxes. (Febvre)*

* * *

*Consciousness of the past alone can make us understand the present. (Leuthy)*

* * *

*Peoples and governments have never learned anything from history, or acted on principles deducible from it. (Hegel)*

* * *

*Anthrobologists, sociologists . . . are all trying to find nomothetic regularities, and for some reason this is thought to be legitimate, but it is considered to be less legitimate, or not legitimate at all, when historians try it. (Toynbee)*